# Hoërskool Goudini

A P Hanekom - Skoolhoof

Sedert 1858

Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099

Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za


# NUUSBRIEF

Geagte Ouers

## PERSONEEL VERJAARSDAE

19 Augustus - Mart-Mari de Lange
29 Augustus - Wiehan Smit
29 Augustus - Gideon Viljoen (BL)

## UIT DIE KANTOOR

Aan al die Goudini leerders wat vanjaar aan die Interskole gaan deelneem, wil ek hartlik sterkte toewens. Ek weet julle gaan net jul beste vir ons skool gee. Dit is ons laaste wedstryde vir die jaar. Hierdie seisoen was daar baie hoogtepunte. Ek glo dit is nie jou begin wat jou definieer nie, maar hoe jy klaarmaak. Kom ons eindig so dat ons dit vir altyd sal onthou. IF YOU WANT TO GO FAST - GO ALONE. IF YOU WANT TO GO FAR - GO TOGETHER.

## VRYSTELLING

Alle uitstaande dokumentasie in verband met skoolgelde en losiesbeurse moet Maandag, 15 Augustus 2016 by die finansiële kantoor ingehandig word. Ouers wat nalaat om dit te doen, sal verantwoordelik gehou word vir die betaling van die volle bedrag uitstaande op hul rekeninge.

## SPORTUITSLAE

### RUGBY vs DROSTDY

o.15 wen Drostdy C 28-5
o.19B verloor Drostdy 7-20

### RUGBY vs WORCESTER-NOORD

o.11B wen Worc-Noord o.11C 14-12

## BAIE DANKIE!!

Baie dankie aan die volgende persone / besighede:

Niel Jordaan - regmaak van pad
Gideon Viljoen - snoei van heining
Pieter Brink - skenking vir die koshuis
Boland Mushrooms - skenking vir die koshuis

### RUGBY EN NETBAL vs GRABOUW

**NETBAL**
o.7A verloor 2-3
o.8A gelykop 1-1
o.9A verloor 0-7
o.10A wen 4-1
o.11A wen 6-5
o.12A wen 8-2
o.13A wen 12-10
o.14 wen 7-4
o.16 wen 17-2
2de span verloor 1-8
Iste span wen 12-2

**RUGBY**
o.7 wen 4-3
o.8 verloor 1-2
o.11 verloor 5-14
o.13 wen 52-10
o.15 verloor 7-12
o.19A wen 27-21

### RUGBY EN NETBAL vs PORTERVILLE

**NETBAL**
o.7A verloor 2-3
o.8A verloor 3-0
o.9A gelykop 3-3
o.9B gelykop 0-0
o.10A wen 6-3
o.10B wen 9-1
o.11A
o.12A wen 3-1
o.13A verloor 13-9
o.13B verloor 11-3
2de span verloor 0-14
Iste span wen 22-17

**RUGBY**
o.7 verloor 5-6
o.8 verloor 0-2
o.11 wen 24-17
o.13 wen 35-3
o.19A verloor 15-29
o.19B verloor 10-19

### TENNIS

Millo Camara het Dinsdag, 9 Augustus 2016 deelgeneem aan die Strand Wilson tennistoernooi. Hy het silwer gekry in die goue plaat vir seuns o.12. Baie geluk!

## KRIEKET

MC Crocker (o.11) en Millo Camara (o.13) is gekies vir die Breede Valley krieketspanne. Hulle gaan Worcester verteenwoordig op die Feedem Pitseng Breede Valley kriekettoernooi vanaf 2 - 5 Oktober 2016. Ons wens hulle baie sterkte toe!

## VRAESTELLE

Dit is reeds vantevore deur die skool se Beheerliggaam besluit dat **geen** vraestelle en/of antwoordstelle huis toe gestuur sal word nie. Indien u as ouer/voog 'n navraag het rakende u kind se vraestel en/of antwoordstel, is u welkom om 'n afspraak by die betrokke onderwyser/es te maak en die vraestel/antwoordstel by die skool te kom besigtig en met die onderwyser/es bespreek.

## GRAAD 12 OUERAAND

Ons lig u reeds vroegtydig in van 'n Graad 12 oueraand wat op 22 Augustus 2016 om 18:00 in die skoolsaal gehou gaan word. **Dit is 'n verpligte oueraand, dus moet u en u kind dit bywoon**. Ons versoek u om asseblief vroegtydig vervoerreëlings te tref.

## LOXTON-SKOOL

Baie dankie aan almal wat hul harte en beursies oopgemaak het vir hierdie skool. Me. De Lange gaan dit volgende naweek aan hulle oorhandig.

## AKTIWITEITE WEEK VOOR INTERSKOLE

Die volgende aktiwiteite sal gedurende die week van 15 - 19 Augustus by die skool plaasvind:

**Maandag, 15 Augustus 2016**

- Pouse - "touchies" wedstryd (manspersoneel teen Eerstespan rugby matriekseuns)
- Spanbou - afrigters reël self met sy/haar span
- 0.7 - 0.9 spanbou by skool 13:15 - 13:50

**Dinsdag, 16 Augustus 2016**

- Pouse - netbalwedstryd (personeel teen Eerstespan netbalmeisies)
- Braai by klubhuis - personeel / afrigters / ou personeel

**Woensdag, 17 Augustus 2016**

- Pouse - "sing songs" / Eerstespanne geesbou (langer tweede pouse)
- Hoërskool sokkie 19:00 - VRL, Mev Lobaczewski en Mnr Van Zyl hou toesig

**Donderdag, 18 Augustus 2016**

- Pouse - "sing songs" / Eerstespanne geesbou
- Gewone kleredrag vir skoliere volgens tema van interskole
- Hoërskool "Grammy Awards" laaste periode

**Vrydag, 19 Augustus 2016**

- "BEE-Awards" gekombineer met "Groot Brag"
- Begin om 10:30
- Skool verdaag 13:00

## MATRIEKDINEE

Gelde vir die matriekdinee moet asseblief voor/op Woensdag, 31 Augustus 2016 by Mev Laing betaal word. Dankie vir dié wat alreeds betaal het.

Die uwe

A P HANEKOM
Skoolhoof
12 Augustus 2016